
PROCLAMATIONS • PROKLAMASIES

PROCLAMATION NO. R. 12 OF 2020**by the****PRESIDENT of the REPUBLIC of SOUTH AFRICA****SPECIAL INVESTIGATING UNITS AND SPECIAL TRIBUNALS ACT, 1996 (ACT NO. 74 OF 1996): AMENDMENT OF PROCLAMATION NO. R. 17 OF 2019**

Under section 2(4) of the Special Investigating Units and Special Tribunals Act, 1996 (Act No. 74 of 1996), I hereby amend Proclamation No. R. 17 of 2019, by—

- (a) the extension of the period referred to in the fourth paragraph of the Proclamation to the date of publication of this Proclamation; and
- (b) the substitution for paragraph 1 of the Schedule to the Proclamation of the following paragraph:

"1. The procurement or contracting for—

- (a) vehicles and vehicle maintenance services;
- (b) repairs and maintenance work at fire stations;
- (c) closed-circuit television equipment and related services;
- (d) office accommodation and furniture for the Integrated Operations Centre; and
- (e) motorcyclist uniforms for the Johannesburg Metropolitan Police Department,

by or on behalf of the Municipality and payments made in respect thereof in a manner that was—

- (i) not fair, competitive, transparent, equitable or cost-effective;
- (ii) contrary to applicable—
 - (aa) legislation;
 - (bb) manuals, guidelines, practice notes, circulars or instructions issued by the National Treasury or the relevant Provincial Treasury; or

- (cc) manuals, policies, procedures, prescripts, instructions or practices of or applicable to the Municipality;
- (iii) conducted by or facilitated through the improper conduct of—
 - (aa) employees, officials or agents of the Municipality; or
 - (bb) any other person or entity,
to corruptly or unduly benefit themselves or any other person or entity; or
- (iv) fraudulent,
and any related unauthorised, irregular or fruitless and wasteful expenditure incurred by, or losses suffered, by the Municipality the State."

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this 18 day of February Two thousand and twenty.

CM Ramaphosa
President

By Order of the President-in-Cabinet:

R Lamola
Minister of the Cabinet

PROKLAMASIE NO. R. 12 VAN 2020
VAN DIE
PRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

WET OP SPESIALE ONDERSOEKEENHEDE EN SPESIALE TRIBUNALE, 1996 (WET NO. 74 VAN 1996): WYSIGING VAN PROKLAMASIE NO. R. 17 VAN 2019

Kragtens artikel 2(4) van die Wet op Spesiale Ondersoekeenhede en Spesiale Tribunale, 1996 (Wet No. 74 van 1996), wysig ek hierby Proklamasie No. R. 17 van 2019 deur—

(a) die verlenging van die tydperk vermeld in die vierde paragraaf van die Proklamasie tot die datum van publikasie van hierdie Proklamasie; en

(b) die vervanging in paragraaf 1 van die Bylae tot die Proklamasie met die volgende paragraaf:

"1. Die aanskaffing van of kontraktering vir—

(a) voertuie en voertuig onderhoudsdienste;

(b) herstel en onderhoudsdienste by brandweerstasies;

(c) geslote-kring televisietoerusting en verwante dienste;

(d) kantoorakkommodasie en meubels vir die Geïntegreerde Operasionele Sentrum; en

(e) uniforms vir die motorfietsryers van die Johannesburg Metropolitaanse Polisie Afdeling.

deur of namens die Munisipaliteit en betalings wat in verband daarmee gemaak is op 'n wyse wat —

(i) nie regverdig, mededingend, deursigtig, billik of koste-effektief was nie; of

(ii) strydig was met toepaslike—

(aa) wetgewing;

(bb) handleidings, riglyne, praktyknotas, omsendskrywes, of instruksies wat deur die Nasionale Tesourie of die betrokke Provinsiale Tesourie uitgevaardig is; of

- (cc) handleidings, beleid, prosedures, voorskrifte, instruksies of praktyke van, of wat op die Munisipaliteit van toepassing is;
 - (iii) gedoen of gefasiliteer was deur die onbehoorlike optrede van—
 - (aa) werknemers, beamptes of agente van die Munisipaliteit; of
 - (bb) enige ander persoon of entiteit,om hulself of enige ander persoon of entiteit op 'n korrumpente of onbehoorlike wyse te bevoordeel; of
 - (iv) bedrieglik was,
- en enige verwante ongemagtigde, onreëlmatige of vrugtelose en verspilte uitgawes wat aangegaan is, of verliese wat gelyk is deur die Munisipaliteit of die Staat."

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad op hede die 18.dag van Februarie Tweeuisend-en-twintig

CM Ramaphosa

President

Op las van die President-in-Kabinet:

R Lamola

Minister van die Kabinet